191. T. 5(85)

# AFRIKANERSOLIDARITEIT

Deur Prof. H.B. Thom

(Kern van 'n Geloftedagrede, Bloedrivier, 16 Des. 1967.)

Dit is seker nie onvanpas nie dat 'n volk hom van tyd tot tyd van sy eie solidariteit rekenskap sal gee. Is hy hom bewus daarvan dat hy as volk, naas baie ander volke, 'n afsonderlike eenheid vorm? Is elke lid van die volk hom bewus daarvan dat hy sy deel van die verantwoordelikheid van die groot geheel moet dra? En is almal saam, die volk as geheel en al sy lede, hulle bewus van 'n samehorigheidsgevoel, en besef hulle dat die belange van die lede ook die belange van die groot geheel is? Is die lede van die volk bereid om hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar te aanvaar, en is almal saam, as volk, met die besef van hulle samehorigheidsgevoel en gemeenskaplike belange, ook bereid om hulle verantwoordelikheid teenoor die buiteland te dra?

'n Geskiedkundige feesdag, by uitstek Geloftedag, wat in so 'n hoë mate die geestesbesit van ons hele volk geword het, is seker 'n baie geskikte geleentheid om kortliks by sulke vrae stil te staan. As ons met 'n ope gemoed antwoorde probeer soek, sal ons onsself geestelik verryk en verdiep, en sal ons ook duideliker koers vir die toekoms kry.

Daar is geen twyfel oor nie: ons is histories hier in Suid-Afrika tot één Afrikanervolk gevorm, en of ons van mekaar hou of nie, of ons onder mekaar meningsverskille het of nie, ons is en bly lede van één volk. Hier het ons 'n eenvoudige basiese feit wat ons as Afrikaners vandag soms maklik uit die oog verloor. Baie van ons is geneig om, volgens ons eie, persoonlike opvattinge, die norme neer te lê vir wat 'n ware Afrikaner is. En dan is dit verbasend hoe kategories en selfversekerd ons soms kan wees: as 'n man nie presies inpas in die norme of patroon wat ons volgens ons eie opvatting neerlê nie, dan merk ons hom maklik aan as 'n afgedwaalde of 'n renegaat of 'n liberalis.

Dit is 'n verskynsel wat vir ons énersyds groot oneer aandoen en

ons andersyds/.........

ons andersyds sosiaal, kultureel en staatkundig gevaarlik ondermyn. Dit het in eie kring wydverspreide onmin veroorsaak; dit het beproefde, geëerde Afrikaanse organisasies in die positiewe bouwerk wat hulle in belang van ons volk doen, ernstig gestrem; en dit was water op die meul van diegene wat die vooruitgang van die Afrikaner in hulle harte nog altyd met teensin bejeën het.

Ek betreur dit van harte dat daar onder Afrikaners ooit sprake gekom het van verligtes en verkramptes. Want daar is in werklikheid nie so-iets nie. Weliswaar is daar meningsverskille oor belangrike sake, en meningsverskille oor wat die norme vir 'n goeie Afrikaner is, maar wie is ons om in hierdie verband beslissende uitspraak te wil gee? Ons mag nie onsself as regters oor ons mede-Afrikaners aanstel nie; en as ons dit vir ons vyand gun om van ons te verskil, dan kan ons dit minstens ook vir ons mede-Afrikaner doen.

Die kern van die saak is dat ons 'n suiwere perspektief moet behou. Ons mag geen mede-Afrikaner die reg ontsê om sy mening ruiterlik en openhartig uit te spreek nie; en ons mag die reg tot ondersoek en selfondersoek nie onderdruk nie, maar moet dit eerder sterk aanmoedig. Ek kom vrywel elke dag met universiteitsdosente en -studente in aanraking, en ek lê my daarop toe om onbevange ondersoek en eerlike strewe na die waarheid aan te moedig. Hoe kan ons anders? Ons is immers Protestante - meer nog: Calviniste - en ons het ons lig op die groot heilswaarhede juis langs die weg van eie, vrye ondersoek gevind. Ons sou teen ons hele godsdienstige en historiese tradisie handel as ons enge, subjektiewe patrone gaan vaslê en net daarvolgens oor mede-Afrikaners uitspraak gaan gee. Die verskeidenheid in die siel van ons volk is ruim en groot; dit kan nie in die enge norme van individuele persone ingedruk word nie.

Maar dit beteken nog glad nie dat ons beginselloosheid, koersloosheid en kleurloosheid wil goedpraat nie. Daar is sekere groot grondliggende lyne wat deur ons historiese vorming heen loop, soos ons toewyding aan ons godsdiens, ons liefde vir ons taal, ons gehegtheid aan die huisgesin, ons waardering van die opvoeding, ons respek vir wet en orde, en ons belangstelling in ons verlede. En dié eienskappe sal seker ook altyd kenmerkend van die

rasegte/........

rasegte Afrikaner wees. Hierdie dinge verteenwoordig vir ons gewaardeerde, kosbare besittinge, en ons sal ook met beslistheid vir die behoud daarvan stry. Maar die plig rus terselfdertyd op ons om ons mede-Afrikaner sy reg van vrye ondersoek en van eie meningsuiting te gun. As ons hom na ons kant toe wil wen, moet ons onthou dat ons dit veel eerder sal regkry deur gesonde beinvloeding en oortuigingswerk as deur subjektiewe, kategoriese uitsprake of gewaande, eie orakelwysheid.

'n Mens merk vandag ook op - en ek huiwer byna om dit te sê - dat daar uit die goeie deug van respek en liefde vir ons verlede, by sommige Afrikaners ook swakhede vir ons voortvloei. Dit is of sommige van ons te paraat en te beslis is met die maatstaf van die verlede. Ons moet die kennis wat ons uit die verlede put, op die regte manier gebruik. „Die Geskiedenis is die leermeesteres van die lewe" - só hoor ons dikwels, en daar steek ook heelwat waarheid in; maar Hegel het dit 'n keer ook nodig gevind om te sê, en miskien met meer diepsinnigheid: „Ons leer uit die Geskiedenis dat ons nie uit die Geskiedenis leer nie! "

Ons mag nie aanneem dat alles wat in die geskiedenis lê, goed is nie, net so min as wat ons mag aanneem dat alles wat nuut is, sleg is. Immers, in die verlede lê daar ook die slegte; in die nuwe ook die goeie. Ons moet dinge in 'n suiwere perspektief sien. Die Geskiedenis het nie op 'n sekere tyd of plek gaan stilstaan nie: nie by die Groot Trek nie, nie by die Tweede Vryheidsoorlog nie, en nie by die politieke omwenteling van 1948 nie. Die Geskiedenis loop onverbiddelik en ononderbroke deur; hy word soms net 'n bietjie laat as sodanig erken.

Ons mag die nuwe dus nie noodwendig as iets verwerpliks beskou nie. As ons, as Afrikaners, net by die mooi dinge van die verlede bly stilstaan en nie verder kyk nie, sal ons ons wel in mooi geestesbesittinge kan verlustig, maar ons sal nie groot, nuwe oorwinnings vir ons volk aanteken nie. Die dinge van die verlede moet ons juis aanspoor en ons krag gee, om ons in die nuwe in te durf en daaraan die goeie te ontworstel. Dít is m.i. die gees waarmee ons vandag besiel moet wees.

Ek kan/..........

Ek kan my voorstel dat daar by Andries Pretoria op sy Wenkommando in Zoeloeland manne was wat gedink het: Maar waarom moet ons elke aand volledig laertrek; dis mos genoeg as ons goeie brandwagte uitsit, soos ons op die Oosgrens gedoen het. Of manne wat gesê het: „Watter nuwigheid is dit nou met die maak van veghekke; ons het dit in Uitenhage nie gedoen nie!" Of ook manne wat op die kritieke tydstip by Bloedrivier gedink het: Nee, die laerhek kan nie nou al oopgegooi word nie, die vyand moet nog eers verder verslaan word. Dit mag klein dingetjies wees hierdie, maar dit illustreer 'n groot waarheid: Ons het manne nodig soos Andries Pretorius; ons moet bereid wees om ook van nuwe dinge gebruik te maak; ons moet bereid wees om, wanneer omstandighede dit vereis, berékende risiko's te aanvaar; en dan moet ons, op watter gebied ookal, ons met krag en oortuiging vir ons volk in die stryd werp.

Indien ons hierdie dinge besef, sal ons solidariteitsgevoel sterk wees en steeds aangroei. Daar moet nie sprake wees van verligtes en verkramptes nie; daar moet net Afrikaners wees - Afrikaners wat hulle één voel, maar wie se eenheid en solidariteitsgevoel sterk genoeg is om stimulerende meningswisseling onder mekaar te verduur. Immers, as ons Afrikanerskap oor ons almal uittroon, kan 'n bietjie meningsverskil ons ook nie kwaad doen nie.

Dit is per slot van rekening die moeite werd om te let op die wysheid wat 'n gevatte sakeman eenkeer kwytgeraak het: „As daar in 'n onderneming twee manne is wat altyd eenders dink, dan is ten minste een van hulle onnodig".

* * * * * * * * * * * * *